

CURRICULUM VITAE

Daniël Gerhardus Cornelis (Daan) Potgieter

Kontakbesonderhede

082 701 1570
(012) 344 3805 (w)
(012) 344 2159 (h)
daan.potgieter@klofies.co.za
Posbus 71, Groenkloof, 0072

Onderwys: 'n roeping, loopbaan en eer

Die digter Opperman se vers 'Negester en Stedeling' is die kern van toepassing op my seining van hoe die onderwys die leerder moet rig:

'Watter kaart of watter ster sal ek jou wys om veilig deur die gyrsland heen te reis? Onthou altyd aan jou dade grens 'n ewigheid; gee sin aan die voorgeslagte deur die eeue heen, besef jy is 'n vegter weer van die begin, alleen; en mag die Suiderkruis en Negesterre witter as die stedelinge in jou siel bly skitter.'

Die behoud van Afrikaanse onderrig lê my na aan die hart en ek skroom nie om elke geleentheid te benut om 'n bydrae tot die beste van my vermoë te lewer nie.

Ek is onderrig by die PU vir CHO waar ek in 1984 'n BA-graad met Geskiedenis en Afrikaans-Nederlands as hoofvakke verwerf het. 'n Diploma in Hoër Onderwys (nagraads) en 'n BA-Honneurs in Geskiedenis het oor die volgende twee jaar gevolg. In 1993 het ek ook 'n Diploma in Onderwysbestuur by die eertydse Onderwyskollege van Suid-Afrika verwerf.

Na twee jaar militêre diensplig is ek in 1989 as onderwyser by die Afrikaanse Hoër Seunskool aangestel. Vanaf 1993 tot 2010 dien ek die skool as Departementshoof: Geesteswetenskappe en Adjunkhoof. Ander hoogtepunte sluit die volgende in:

- Betrokkenheid by koshuis aangeleenthede
- Lid van die Beheerliggaam gemoeid met dissipline en regsake, finansies en die koshuis
- Eindexamevraestel nasiener
- Streekmoderator van Graad 10 en 11 Geskiedenis
- Geskiedenis onderrig by die Afrikaanse Hoër Seunskool
- Referaat oor Geskiedenis by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika
- Betrokkenheid by sport as rugby-, krieket-, atletiek- en hokkieafrigter en ghoif-organiseerder en -afrigter
- Kultuur betrokke as toneelregisseur en organiseerder van die Afrikaanse Hoër Seun- en Meisieskool Affie- Arte kultuurgala
- Senior huisvader van Huis Frank le Roux en Huis Pannevis
- Hoof van dissipline

As ek terugkyk oor die afgelope vyf jaar is ek tevrede met wat ek by Hoërskool Waterkloof bereik het. Die volgende verdien vermelding:

- Die grootskaalse gebruik van tablette om leerlinge te onderrig. Moderne tegnologie het ongetwyfeld 'n positiewe invloed op akademiese prestasie.
- Die instelling van Robotika as 'n vak tot en met graad 9. In graad 10 kry leerlinge die geleentheid om 'n keuse te maak tussen Elektriese Ingenieurswese, Siviele Tegnologie of Informasie Tegnologie.
- Die gratis implementering van Metakognisie ten einde leervermoë te stimuleer.
- Die ontwikkeling van die skoolterrein en die oprigting van 'n koshuis.
- Die ontstaan van 'n uitmuntende Mediese en Sportdepartement, een van die beste in die land.
- Hoërskool Waterkloof is die afgelope twee jaar genomineer vir die Suid-Afrikaanse Sekondêre Sportskool van die jaar.
- Die Tshwane Cool Capital projek; die skool is daadwerklik betrokke by die doel om 'n kuns- en kultuurfees in die hoofstad te vestig.

Dis is met nederigheid dat ek vermeld dat die HB en MJ Thom Prestige-toekenning vir die bevordering van Afrikaanse onderwys en opleiding aan my toegeken is, asook die titel van Interne Bemarker van die jaar in 2014. In 2017 is ek ook tot Lid van die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verkies.

My daaglikse werk by die Hoërskool Waterkloof lei ook tot wyer blootstelling. So byvoorbeeld het ek –

- 'n aantal televisie-onderhoude gedoen oor onderwerp wat wissel van kuberboelie en die gevare van sosiale media vir die jeug tot geskiedenis as verpligte vak op skool; en
- as gasspreker opgetree by die 2015 SAOU-kongres rakende slaggate met die implementering van e-leer.
- as gasspreker opgetree by 'n internasionale konferensie oor die implementering van e-leer in skole op uitnodiging van ESET.